SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 2 FEBRUARIE 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

SARL INTEGNET KOM OP 23 FEBRUARIE TERUG

LAEKRAG 7 MHz BAKEN VAN SA IN VSA GEHOOR

AMATEURRADIOKLUBS BIED RAE-KURSUSSE AAN

AKTIWITEITE OM AAN DEEL TE NEEM

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio aan news@sarl.org.za nie later nie as die Donderdag wat die bulletin vooraf gaan, in te stuur. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

SARL INTEGNET KOM OP 23 FEBRUARIE TERUG

Die SARL INTEGNET kom op Sondag 23 Februarie terug. Die SARL het 'n borgskap van R15 000 van Telkom ontvang vir die weeklikse ARMI-program en tien Integnetprogramme gedurende 2003 sowel as 'n spesiale gebeurtenis op Vrouedag en een jeugaktiwiteit op die lug.

Die program op 23 Februarie sal Dr John Champa, K8OCL, die voorsitter van die ARRL se Hoëspoed Digitale Netwerke en Multimedia werkgroep, betrek. Die groep is deel van die ARRL se Amateurradio Tegnologietaakmag wat in die lewe geroep is om nuwer kommunikasietegnologieë te ondersoek en moontlikhede om hul aanwending en aanpasbaarheid in die amateurradiodiens te evalueer.

K8OCL sal die werking van sy groep bespreek en die lig laat val op die onlangs aangekondigde "Hinternet". Hoëspoed multimedia amateurradio via die "Hinternet" kan die volgende groot gebeurtenis vir amateurradio wees. John Champa het gesê "Ons verwag dat dit niks minder as revolusionêr sal wees nie". Champa sê die term "Hinternet" (ham + Intenet) is 'n gebruikersvriendelike manier om te

verwys na die ontwikkeling van hoëspoed Radio Lokale AreaNetwerke (RLANs) wat in staat is om gelyktydig oudio-, video- en dataseine te dra.

Die program sal op Sondag 23 Februarie vanaf 20:00 tot 21:30 op verskeie herhalers in Suid-Afrika met 'n interaktiewe herleiding op 3718 kHz LSB en 'n uitsending deur Sentech op 3215 kHz AM op die lug wees.

Klubs wat aan die interaktiewe netwerk wil deelneem en hulle herhaler wil koppel moet 'n e-pos aan armi@sarl.org.za stuur met besonderhede van hulle herhalerdekking, frekwensie en telefoonnommer wat gekoppel moet word. Sit asb SARL INTEGNET2003 in die onderwerpblokkie.

Hierdie ontwikkeling beloof om nie net baie interessant te wees nie maar ook baie belangrik. Teken dus die datum van die program waaraan u ook kan deelneem nou reeds in u dagboek aan sodat u dit nie sal misloop nie.

LAEKRAG 7 MHz BAKEN VAN SA IN VSA GEHOOR

Op Dinsdag 29 Januarie het Bill, WA8LXJ, die sein van die laekrag 7 MHz baken wat deur ZS1J in Plettenbergbaai bedryf word, positief geïdentifiseer. Hy het syfer 2 vir leesbaarheid toegeken, syfer 1 vir seinsterkte en 'n 9 vir toon. Bill het ook 'n bandopname van die sein gemaak en dit die oggend van die 29ste aan verbaasde Suid-Afrikaanse amateurs teruggespeel op die daaglikse splitfrekwensienet wat op 7095 en 7177 kHz plaasvind.

Gedurende die laaste vier maande is 'n baie laekrag bakensender in bedryf vanaf die QTH van ZS1J in Plettenbergbaai, Suid-Afrika. Die gemete uitsetkrag van die 7029 kHz-uitsending is 100 mikrowatt en ontvangsrapporte van oraloor Suid-Afrika, tot 1100 km ver, is deur die bakenoperateur , Roger Davis, ontvang.

Gedurende een van hul daaglikse vroegoggendskedules is Bill, WA8LXJ, deur ZS1J gevra om vas te stel of hy die bakensein kan ontvang aangesien Bill 'n uiters sensitiewe antennastelsel het en gereëld met 20 dB oor S9 seine in Suid-Afrika op 40 m gehoor word. Bill het 'n akkurate frekwensielesing van die sein versoek en dit is aan hom as 7029,0155 kHz verskaf. Bill het die fasiliteit om die bandwydte van sy ontvanger tot 'n ongelooflike 10 Hz te verminder ten einde dit moontlik te maak om selfs die swakste sein tussen die geraas uit te snuffel.

Besoek die bakenwebwerf van ZS1J nl zs1j@qsl.net.

AMATEURRADIOKLUBS BIED RAE-KURSUSSE AAN

Die Sandton Amateurradioklub sal weer 'n RAE-kursus aanbied vir die komende eksamen.

Die kursus begin op Woensdag 5 Februarie.

Lesings word elke Woensdagaand aangebied by die Nasionale AmateurRadioSentrum, Radiokop.

Vir verdere inligting, kontak Graham ZS6GJH by 082 441 6989 of stuur e-pos aan zs6gjh@icon.co.za.

Die Magalies Radioamateurklub het gister met 'n kursus dmv Afrikaans in Pretoria begin. Dit is nognie te laat om in te skryf nie en indien daar nog voornemende studente is, is hulle volgende Saterdag 8 Februarie om 14:00 welkom by die klub se klubhuis op die hoek van Breyerlaan en Millstraat, Waverley, Pretoria. Vir meer inligting kontak Marten, ZS6ZY, by tel 012 332 2104 of vir George, ZS6NE, by tel 012 664 4155.

AKTIWITEITE OM AAN DEEL TE NEEM

SARL HF VELDDAG

Die eerste been van die SARL HF-velddag sal volgende naweek van 8 tot 9 Februarie plaasvind. Die reëls is aangepas sover dit die opstel van die veldstasie en kragleweringvermenigvuldigers betref en bonuspunte sal nou toegeken word. Die reëls verskyn in die nuwe kompetisieboek wat beskikbaar is op die SARL se webtuiste.

SARL KINDERDAGAKTIWITEITE

Moenie die SARL Kinderdag vergeet wat op Saterdag 8 Februarie plaasvind nie.

NUWE ADRES VIR NUUSITEMS

Die gebruik van die Hotmailadres vir sarlnuus is nou gestaak. Nuusitems moet in die vervolg slegs aan news@sarl.org.za gestuur word.

Hierdie bulletin is saamgestel deur George, ZS6NE, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750 en 7082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban- en 145,750 MHz in die Pretoriagebied te luister.

In vandag se program is die finale verslag oor die voortplantingseksperiment tydens die sonsverduistering, alles oor RF-steurings en in tegnopraatjies "die g's in die masjien".

'n Heruitsending kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Die volgende net van die President van die SARL sal op Sondag 23 Februarie gehou word.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. Baie dankie aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

==========

LAAT NUUS

COLUMBIA TRAGEDIE

Gistermiddag, anders as wat ek normalerwyse doen, blaai ek na 18:35 deur die 31 m band en op 9760 kHz vang my ore iets omtrent 'n tragiese gebeurtenis wat plaasgevind het. Ek luister met aandag verder en ja, dis waar, die Columbia ruimtetuig van die VSA het gedisintegreer toe dit op 'n terugvlug die aarde se atmosfeer binnegegaan het. Op die 19:00 TV-nuus sien ek die harde waarheid. Sewe hoogs gekwalifiseerde , brawe, nugterdenkende mense is in die atmosfeer tot rook verbrand met geen kans gegun om selfs by 'n venster te probeer uitspring nie.

Die volgende TV-beeld is van twee treine in Zimbabwe in 'n kop aan kop botsing op dieselfde spoor. 100 mense sterf. Watter een van die twee is die mees tragiese? Ek waag nie 'n antwoord nie, maar ons amateurs identifiseer beter met die Columbiatragedie aangesien van die bemanning ook amateurs was en party van ons moontlik radiokontak met van die betrokkenes gehad het.

Ek het die President van die SARL na die TV-nuus per selfoon gekontak op watter stadium hy nog onbewus was van die treurige gebeure aangesien hy in Suide van KwaZulu-Natal op besoek was. Hy was stomgeslaan deur die nuus. Hy spreek sy innige medelye uit teenoor die naasbestaandes van hulle wat familie in die rampe verloor het.
Hy vertrou dat die naasbestaandes en vriende die effek van die gebeure sal kan verwerk en weer met die lewe op 'n positiewe wyse sal kan voortgaan.

/EX